

GEDRAGSWETENSKAPLIKE DIMENSIES IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE:  
'N BEDRYFSIELKUNDIGE PERSPEKTIEF \*

J J L Coetzee

Die klem in die bestuur van mense het oor die afgelope drie dekades vinnig verskuif van 'n meganistiese na 'n humanistiese benadering. Die gedragswetenskap as fundamentele onderbou vir algemene bestuur geniet al hoe meer klem veral in die Suid-Afrikaanse heterogene bestel.

Vir die Teoloog, wat 'n totale verteenwoordigende mensespektrum bedien vanuit die breë samelewing word dit al hoe belangriker om onderleg te wees in die gedragswetenskap ten einde die gedrag van mense te rig op 'n sinvolle lotsbestemming en om in hierdie proses die nodige insette te lewer. Die definisie van moderne bestuur fokus op die feit dat die gedrag van mense bestuur word en nie mense as sodanig nie. Net so, in Teologiese konteks, is dit belangrik om te fokus op die gedrag van die lidmaat en nie op die lidmaat as sodanig nie ten einde doelwitgerigte gedrag by die individu te ontlok en dan te rig.

Die predikant, wie te make het met die bestuur van die lotsbestemming van mense moet in die eerste plek bekend raak met sy eie gedrag ten einde sterkpunte en leemtes in die persoonlike mondering te identifiseer. Aangesien dit waar is dat die gedrag van een individu die gedrag van 'n ander op 'n bepaalde wyse beïnvloed, word dit belangrik dat die predikant deur 'n proses van introspeksie en disseksie na sy eie gedrag sal kyk ten einde 'n peiling te maak en 'n regstellingstrategie te inisieer. Die bediening van die Woord as sodanig is nie noodwendig 'n versekering dat die lewering daarvan sal penetreer en sal bekeer nie omdat die universele vorm van aanbieding voor 'n gehoor in die kerk geïndividualiseer moet word volgens die spesifieke gedragsbehoeftes van die individu.

Die slotsom wat kristalliseer uit hierdie aanloop is een waar die klem val op gedrag as gemenedeler in die verandering van gesindheid, ingesteldheid en vorm by die individu. Hierdie proses moet begin by die punt waar die Teoloog sy eie gedrag sal verstaan, sal evalueer en sal plooi ooreenkomstig die behoeftes van die situasie en die moment.

---

\* 'n Lesing gelewer aan die finale jaar studente, Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria, op 28 Julie 1982.

- 3 h Subjektiewe beskouing van die algemene gedragspatroon in die breë samelewing val uit in vier dominante kategorieë wat gekenmerk word as spesifieke uitkenbare dimensies. In hierdie voorstelling, wat dien as bron vir persoonlike oriëntering en perspektief, kan die Teoloog sekere aannames en persoonlike benaderings formuleer ten einde hierdie gedrag te bedien volgens die unieke formaat daarvan.

1	2	3	4
15 - 20	21- 30	31 - 40	40X
Sinergiste	Verwerpers	Tussengroep	Tradisionaliste
Baie alternatiewe variasies	Krities Analities Dagend	Suspensie Oorganklikheid	Konserwatief Bestendig

In die eerste kategorie in die ouderdomsgroep tot 20 jaar oud figureer die sintetiseerders. Hierdie is h kategorie waarin die persone blootgestel word aan h toenemende mate van verskeidenheid, hoeveelheid en variasie. Hierdie dimensies het betrekking op filosofieë, ideologieë, tegnologie, metodieke, waardes, norme, standpunte, rekreatiewe afleiding, kulturele aspekte verhoudings, ensomeer. Hierdie jongmense belewe die "smorgasbord" van die lewe waarop h verskeidenheid goedere uitgestal is wat dikwels veel groter is as die "aptyt" van die individu. Hiermee gepaard moet onthou word dat hierdie jong persoon nie beskik oor die mate van volwassenheid waarbinne gesonde diskresie h oordeel en behoudende besluitneming is nie en lui hierdie verskeidenheid en variasie dikwels tot verwarring en paniek. Ook lui hierdie blootstelling tot alom verantwoordelike benutting van die totale verskeidenheid van goedere wat uiteindelik frustrasie in die hand werk en die beheer van dergelike individue bemoeilik.

In hierdie kategorie 2 figureer h kategorie wat bekend staan as verwerpers. Hierdie is die persone tussen ouderdom 20 en 30 jaar wie sterk krities standpunt inneem teenoor die totale spektrum van die lewe. Alles word bevraagteken en geëvalueer vir meriete en vir aanvaarbaarheid en word die persoonlike stelvoorkeure en smake verabsoluteer. Hierdie groep bevraagteken byvoorbeeld:

Die sinvolheid van die huwelik as instelling en as "lisensie" vir seksuele omgang.

Leierskap, politiek en toesig word gekritiseer in 'n gees van emansipering en vrywording.

Konvensionele gedragspatrone, standaarde en beginsels word bevraagteken.

In kategorie 3 wat bekend staan as 'n tussengroep domineer 'n gevoel van gesuspendeerdheid by die individu. Om chronologiese en volwasseheidsredes neig die individu tot tradisionalisme en konserwatisme maar is hy steeds tot 'n mate betrokke by die kritiese evaluering en verwerping van sekere dinge in die proses van afronding van persoonlike waardes en norme. Hier word kontemporêre standaarde en omstandighede sterk benadruk en dit wat histories deurgegee is meer kras ge-evalueer vir meriete en toepasbaarheid.

In die vierde kategorie waar die tradisionaliste figureer is konserwatisme in en standaardisering van gedrag dominant. Die tradisionalis neig tot stereotipering van gedrag en styl en vind homself normaalweg in 'n leierskap of toesighoudende posisie. Die tradisionaliste neig tot 'n weerstandigheid tot verandering en alternatiewe en ervaar dikwels konflik op die raakvlak tussen homself en die ander kategorieë persone in hierdie profiel.

Indien 'n normale verspreidingskurwe getrek sou word oor hierdie voorstelling van gedragkategorieë in die breë samelewing dan is dit so dat ongeveer 70% in die kategorieë van 2 en 3 val. Soortgelyk is dit belangrik om te aanvaar dat 'n klein groep persone val binne die uiterste pole in kategorieë 1 en 4. Met hierdie voorstelling voor oë is dit nou interessant om 'n oudit te doen op die gedrag wat homself voordoen in die samelewing en wat spesifieke ingesteldhede en benadering sal verg van die persoon wie daardie gedrag moet manipuleer. In 'n gemeente bied hierdie verskeidenheid van gedrag 'n unieke uitdaging aan die predikant en is dit belangrik dat hy deurentyd hierdie oudit sal doen ten einde te bepaal waarmee hy spesifiek te doen het ten einde sy eie gedrag te kan peil en te kan evalueer in die belang van die lidmaat.

In gekategoriseerde terme bestaan die pligstaat van die predikant uit die volgende vername dimensies:

- Bestuur
- Beraad
- Bediening
- Beroepsontwikkeling.

Binne hierdie breë kategorieë word spesifieke pligte vervul in 'n veelvuldigheid van rigtings maar kristalliseer dus uiteindelik om die proses van gedrag. Die moderne predikant het te make met die bestuur vandie lotsbestemming van mense en vorm die breë filosofiese onderbou deurentyd die goue draad deur elkeen van die pligte.

5 Die pligstaat van die moderne predikant is immer veranderd vanweë die behoeftes wat 'n heterogene, en emansiperende, gemeenskap aan die predikant stel. Hierdie pligstaat lê verpligtinge op die predikant ten einde ingesteldheid, oriëntering en dienslewering sodanig te plooi dat dit inpas by die verwagtings van die dag sonder dat enigsins die fundamentele aspekte van evangeliebediening vervlak word.

- 5.1 Die moderne predikant is nie meer die verabsoluteerde mens deur die gemeente wat hy was invroeëre tye nie. Verder is hy ook nie meer die onaantasbare gesalfde van die Here nie maar is hy ook die onderwerp van kritiek en kommentaar ten opsigte van die gehalte van sy prestasie.
- 5.2 Hy kompeteer in 'n hoogs mededingende mark waar die penetrasie en dominansie van die N.G. Kerk nie meer so omnipotent is as wat dit oor die jare was nie. Hy moet dus hierdie mark betree met dinamika en wring-krag asook met 'n kontemporêre styl wat gekenmerk sal word aan aanneemlikheid, geloofwaardigheid en professionaliteit.
- 5.3 Kerk en gemeentebestuur is van die grootste belang en word hier veral klem gelê op die verantwoordelikheid van die snoering van die "kudde" tot homogene gelowige groep deur:
- finansiële bestuur
  - die hantering van die sinodale super-struktuur en die voorskrifte wat daaruit voortvloei
  - die aktivering van 'n Kerkraad as direksie van die gemeente.

5.4 Binne die raamwerk van verpligtinge is dit belangrik vir die predikant om te aanvaar en uit te leef dat geroepenheid en bekering nie noodwendig 'n lisensie is tot bedieningsukses en aanvaarbaarheid nie. Voortgesette selfontwikkeling en selfevaluering is die kardinale kriteria ten einde penetrasie te bepaal.

5.5 Die veranderde pligstaat van die predikant verwag dat die Teologie 'n praktiese en pragmatiese beslag moet kry meer as ooit in die geskiedenis ten einde konkurierend te bly en met verrassing en variasie inslag te vind.

Die nuwe generasie predikant moet anders wees omdat die teikenbedieningsgroep veranderend en anders is. Storms en woelinge in die kontemporêre bestel soek na 'n wenresep wat in 'n hoogs mededingende wêreld verwarde mense sal raak. Dit vra van die predikant 'n meer ontspanne en soepel ingesteldheid waarin 'n disposisie van infiltrering en ondersoek gekenmerk sal wees. Die kerk en die predikant moet gekenmerk word aan moderniteit en oorganklikheid en 'n strewe om aktueel en relevant te wees sonder dat die vaste beginsels van 'n Nederduitse Gereformeerde ingenuïteit moet word. Kortom, daar moet aanvaar word dat daar onpermanente is in styl en struktuur van Woordbediening wat bepaal word deur die disposisie van die hedendaagse Christen en dit skreeu meer as ooit om 'n gedragsgeoriënteerde benadering van die predikant.

Die verwagtings vanuit die kerkbank en die huis sluit ondermeer die volgende in:

- 7.1 'n Meer ontspanne en gesosialiseerde vorm van Woordbediening in beide die formele en informele konteks.
- 7.2 'n Afname in die verabsoluttering van die bedienings-ritueel.
- 7.3 'n Versugting na verrassing en variasie in die bediening van die Woord.
- 7.4 'n Verwydering van die dominansie van die ORDE en meer geleentheid vir lokale inisiatiewe en oorspronklikheid. Vervolgens 'n kritieke evaluering van die predikant nie net as leraar nie maar ook as spreker, 'n empatiese mens, sosioloog, psigoloog, vader, eggenoot ensomeer.

Die verwagting en behoefte van die deursnee lidmaat is dus na 'n sim-  
plisitiese en ongebordeurde aanbieding van die Woord van God deur 'n mens  
wat vanweë spesialiteitstudie mag voorgaan.

- 8 Vir doeleindes vir selfevaluering is dit nodig dat kriteria en standarde gebruik sal word sodat hierdie proses minder subjektief kan plaasvind. Verder is hierdie hulpmiddel belangrik ten einde spesifieke sterk punte en leemtes te identifiseer sodat 'n selfontwikkelingsprogram hiervolgens kan geskied. Die meer breedgeestige en onbevangende individu sal hierdie kriteria ook deurgee aan 'n kerkraad en gemeentelede wat gebruik kan word as gestandaardiseerde maatstaf vir die evaluering van die leraar in sy bedieningsamp.
- 8.1 Geloofwaardigheid as mens as oorwoë Christen en as predikant. Hierdie eienskappe sal gekenmerk word aan bestendigheid in Woordbediening en geen gapings in die geloofsmondering van die predikant nie. Geroopenheid as sodanig sal dus 'n onbevraagtekende dimensie wees.
- 8.2 Die bedieningsvreugde waarmee die predikant in sy amp sal staan sal gereflekteer word deur die spontaneïteit, energie en entoesiasme waarmee deurlopend gewerk word. Binne hierdie verband sal stamina ook 'n rol speel.
- 8.3 Aanpasbaarheid en soepelheid by veranderde omstandighede en die behoeftes van die moment. Dergelike aanpasbaarheid sal voorsiening maak vir die afbreking van weerstandigheid en die wegwerping van stereotipes en bekrompenheid. Ook sal slaafsheid in die aanhang van uitgediende begrippe en tegniese geskied.
- 8.4 Sensitiwiteit in 'n veelvuldigheid van rigting. Hierdie sensitiwiteit word gekenmerk aan empatie, meeleving en deernis. Die gevolg vir die gevoel van ander mense sal uitstaan as kenmerk.
- 8.5 Besluitnemingsvermoë as 'n produk van individualisme, onafhanklikheid. Besluitnemingsvermoë nie in die sin van oordrewe outokrasie nie maar terselfdertyd ook nie oordrewe demokrasie nie. Die beginsel van gemeenskaplikheid word deurgaans gehandhaaf in die formulering van kollektiewe besluite maar daar is tog behoefte aan 'n meer besliste ingesteldheid met betrekking tot besluitneming vir dit wat relevant is in eie kring.

- 8.6 Inisiatief, vindingrykheid en ondernemingsgees. Die moderne predikant moet eksplloreer en eksperimenteer en met waagmoed ondersoek.
- 8.7 Bestuursvermoë. Die pligstaat van die moderne predikant verwag kennis en vaardigheid in moderne bestuurspraktyk. Hierdie aspekte verwys na beplanning, organisering, leidinggewing, beheer en koördinering.
- 8.8 Kommunikasievermoë. Kommunikasievermoë het nie alleen betrekking op die bewerkstelling van begrip tussen partye nie maar ook op die styl en formaat van die aanbieding. Die vermoë om 'n dinamiese en prikkelende, formele voordrag te kan maak is 'n absolute voorvereiste vir suksesvolle predikantskap en is dit ook dringend noodsaaklik dat in hierdie dimensie indringend opleiding gegee sal word. Elokusie en verhoogdinamika is twee aspekte wat hier pertinent uitval.
- 8.9 Analitiese vermoë en gesonde oordeel met voorvereistes vir bestuursukses. Hierdie dimensies verwys na ruimtelike persepsie, abstrakte redenasievermoë, die vermoë om skeppend te kan dink en om met 'n wydstrekkende kennis te kan kommunikeer.
- 8.10 Luistervermoë (listening skill). Dit is die produk van 'n empatiese ingesteldheid met betrekking tot kommunikasie en inligting. Dit is nodig om die ongekonstateerde en onvermelde ook te "hoor" ten einde die geskikte afleiding te maak en die toepaslike strategie te formuleer. Luistervermoë verwys nie net na die vermoë om te kan luister nie maar ook die bereid-willingheid om te wil luister.
- 8.11 Energie en prestasiedrif vorm die grondslag van volgehoue prestasie en stamina. Hierdie dimensie het betrekking op beide fisiese en verstandelike energie met die nastrewing van doelwitte met die handhawing van standaarde.
- 8.12 Leierskap en motivering van ander word ook gekenmerk aan die vermoë om opleidingsbehoefte te identifiseer en te bedien. Leierskap is die kwaliteit in 'n individu om spontane navolging te verdien en nie die leierskapposisie wat gegee is met die amp nie.

8.13 Vakkennis. Samehangend met Punt 1 sal geloofwaardigheid bepaal word ook deur vakkennis en gesaghebbendheid met betrekking tot die Teologie. Bo en behalwe Teologiese vakkennis is dit belangrik om ook aanverwante kennis te bekom sodat al die relevante dimensies van bestuur op slag gebring sal word. Vir doeleindes hiervan is voortgesette studie nodig asook 'n gestruksioneerde program vir selfontwikkeling.

8.14 Trefkrag het betrekking op invloed en impak van die individu op situasies, omstandighede en persone. Hierdie trefkrag word bepaal deur die substans en statuur van die individu in sy amp maar ook in sy totale wese as mens.

## 9 Aanbevelings:

9.1 Aangesien die predikant, afgesien van sy Teologiese prioriteit, ook 'n bedryfsleier is, is dit van kardinale belang dat bedryfsvaardighede bekom sal word. Vir hierdie doel word aanbeveel dat sekere bedryfsielkundige aspekte ingevoeg sal word by die sillabus van die praktiese Teologie.

9.2 Prestasie. Die stel van prestasiestandaarde is noodsaaklik om prestasie te kontroleer. Aangesien 'n predikant essensieel presteer in abstrakte dimensies is dit noodsaaklik om prestasiestandaarde te formuleer sodat hierdie gedrag gemeet kan word. Die meetinstrumente is maklik formuleerbaar indien prestasiekriteria gestel word en vir hierdie doeleindes word voorgestel dat die persoonlike profiel enersyds gebruik word en andersyds prestasiedoelwitte.

9.3 Die Teologiese Fakulteit kan met groot vrug opknappings en verfrissingskursusse aanbied vir predikante op 'n deurlopende basis. Uit dergelike programme kan die profiel van 'n suksesvolle predikant aangepas word en aan studente geleentheid gebied word om periodiek selfevaluering te doen en spesifieke leemtes te peil. Hierdie leemtes wat dan as 'n sintese van die totale groep studente saamgestel kan word, kan dan opleidingsprioriteite word wat deur die fakulteit as kort kursusse bv. by wyse van winterskole ensomeer aangebied kan word.

9.4 Ten einde te verseker dat die keuring van aspirant Teoloë die totale spektrum van voorvereistes sal dek, word aanbeveel dat die profiel van die suksesvolle predikant ook as kriterium gebruik word. Vir die toepassing hiervan sal dit nodig wees om 'n "evalueringsentrum" te gebruik tydens die



keuringsfase sodat die totale potensiaal van die individu gepeil kan word alvorens nominasie uitgaan.

Slotbeskouing:

- 10.1 Die Bybel, as aller-handleiding vir voortreflike gedrag werk ook met profieie wat in beide die Ou- en die Nuwe Testamente geredelik na vore kom. Bo en behalwe hierdie algemene profieie is die gedragsprofiel van Christus alom bekend en dien dit deurgaans as die simbool waarop gefokus word.
- 10.2 Selfevaluering en die breedgeestigheid wat evaluering van buite sal toelaat is nie alleen 'n voorvereiste vir suksesvolle predikantskap nie maar strook ook met die gees van selfloosheid waarin Christus sy naaste gedien het op aarde. Hierdie voorbeeld vra om geredelike nabootsing en dien as model van voortreflikheid.
- 10.3 Die moderne predikant moet wegbreek vanuit die voorskrif van konvensionele metodieke ten einde die behoefte van die dag sinvol te kan bedien. Dan alleenlik sal kennis geneem word van die strawwe konkurrensie in 'n mededingende mark en sal die predikant met 'n toerusting wat geskoei is op realisme die mark penetreer en die markaandeel laat groei. Dit alles vra om breedgeestigheid waarbinne evaluering 'n natuurlike hulpmiddel sal wees vir prestasieverbetering.